higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

**8 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**



Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Om aktiwiteitskaarte vir voorskoolse kinders op te stel | A | lateraliteit |
| 1.1.2 | 'n Ouer wat uiters noukeurig aandag skenk aan 'n kind | B | liggaamsbewustheid |
| 1.1.3 | Hantering van voelboksitems | C | visuele diskriminasie |
| 1.1.4 | Gestig in Augustus 1978 | D | helikopterouer |
| 1.1.5 | Voltooiing van 'Vind die verskille'-aktiwiteite | E | pika |
| 1.1.6 | Innerlike bewustheid van twee kante van die liggaam | F | W&R-Seta |
| 1.1.7 | Suksesvolle voltooiing van doolhofaktiwiteite help hiermee | G | visuele oriëntasie |
| 1.1.8 | 'n Inisiatief deur Grassroots | H | ETDP-Seta |
| 1.1.9 | Hierdie SETA akkrediteer ELRU | I | die avontuurbus |
| 1.1.10 | 'n Voorbeeld van 'n eetversteuring | J | grondvlak |
| | | K | datahantering |
| | | L | ELRU |
| | | M | permissiewe ouer |
| | | N | okulêre motoriese beheer |
| | | O | taktiele persepsie |

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Gesaghebbende ouers voldoen nie aan hul kinders se basiese behoeftes nie.

1.2.2 Om hink-stap-spring ('hopscotch') te speel, verbeter ooghandkoördinasie.

1.2.3 Die ELRU konsentreer op ontwikkeling gedurende die tienerjare.

1.2.4 Emosionele beheer leer kinders hoe om hulle emosies te hanteer.

1.2.5 Morele gedrag verwys na dít wat die samelewing van jou verwag om te doen.

1.2.6 Die ELRU is verantwoordelik vir materiaalontwikkeling in meervoudige tale en deur multimedia.

1.2.7 As 'n kind te vroeg skool toe gestuur word, kan dit 'n negatiewe impak op hulle hê want hulle is emosioneel nog onvolwasse.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 As 'n kind ..., is dit 'n teken dat hy/sy emosioneel stabiel is.

A teen toue kan uitklim
B inligting kan onthou
C gereed is om van sy/haar ouers geskei te word
D kan teken

1.3.2 Die akroniem 'RPL' staan vir …

A 'repetition of previous learning'.
B 'repetition of point of latitude'.
C 'recognition of prior learning'.
D 'recognition of pastoral love'.

1.3.3 'n Voorbeeld van groot motoriese ontwikkeling is 'n kind se vermoë om …

A 'n skêr te gebruik.
B tussen twee stoele deur te kruip.
C deur 'n kartonrol te loer.
D 'n legkaart te voltooi.

Kopiereg voorbehou 

1.3.4 Die geïntegreerde bestuur van kindersiektes word behartig deur die …

A Departement van Reis en Toerisme.
B Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.
C Departement van Onderwys.
D Departement van Gesondheid.

1.3.5 Die vermoë om te onthou wat die oë sien, staan bekend as …

A visuele persepsie.
B visuele oriëntering.
C visuele geheue.
D visuele diskriminasie.

1.3.6 Om domino te speel, verbeter 'n mens se …

A vormherkenningsvermoë.
B ouditiewe persepsie.
C passiewe taalontwikkeling.
D olfaktoriese persepsie.

1.3.7 Anoreksia is 'n siekte waar die kind …

A vol fiemies is en slegs sekere kosse eet.
B hom-/haarself as vet beskou, maar tog maer is.
C heeltemal oorgewig is.
D al die verkeerde soorte kos eet.

1.3.8 Om spykers van groot na klein te sorteer, hou verband met die wiskundige konsep van …

A volume.
B spoed.
C volgorde.
D meting.

1.3.9 Die konsep van patroonherkenning help 'n kind …

A om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
B om nuwe vriende te maak.
C om fyn motoriese vaardighede te verbeter.
D om groot motoriese vaardighede te verbeter.

1.3.10 Die algemeenste ouderdom wanneer woedeaanvalle plaasvind, is …

A 1–2 jaar.
B 1–3 jaar.
C 1–4 jaar.
D 1–5 jaar.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Bestudeer die volgende prente. Dui die vaardigheid aan wat ontwikkel word deur die verskillende aktiwiteite. Skryf slegs EEN vaardigheid per prent langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1



AKTIWITEIT: Om vorms in 'n vormbal te pas

1.4.2



AKTIWITEIT: Om op 'n balanseerbalk te loop

1.4.3



AKTIWITEIT: Om gare deur 'n naald te ryg

1.4.4



AKTIWITEIT: Om ... i

1.4.5




AKTIWITEIT: Om deur 'n gat in die heining te loer

(5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 'n Kind se hooftaak is om uit te werk hoe hul ingewikkelde wêreld werk. Dit lei dikwels tot onvanpaste gedrag.

Noem en verduidelik VIER oorsake van onvanpaste gedrag. (4 × 3) (12)

2.2 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

> Een van 'n ouer of onderwyser se hoofverantwoordelikhede is om gewensde gedrag by kinders aan te moedig en om wangedrag te hanteer as dit voorkom. Lyfstraf is heel moontlik die mees kontroversiële manier waarop sommige ouers en onderwyser probeer om kinders se gedrag te beheer.

[Bron: *Encyclopaedia of Early Childhood Development*]

2.2.1 Verduidelik wat *lyfstraf* is. (2)

2.2.2 Identifiseer DRIE redes waarom ouers lyfstraf gebruik. (3 × 2) (6)

2.2.3 Verduidelik DRIE negatiewe uitwerkings van lyfstraf. (3 × 2) (6)

2.3 Verduidelik die rolfunksies van die volgende mediese personeel:

2.3.1 Psigiater

2.3.2 Arbeidsterapeut

2.3.3 Pediater

(3 × 2) (6)

2.4 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

> Fobies is 'n soort angsversteuring wat kinders dalk in hul kinderjare kan ervaar. Dit skep sulke intense angsgevoelens dat dit die kind se daaglikse lewe en roetine ontwrig.

[Bron: *http://www.childrenshospital.org*.]

2.4.1 Verduidelik die term *fobie.* (3)

2.4.2 Gee 'n kort verduideliking van die volgende kindervrese:

(a) Bang vir vreemdelinge

(b) Bang vir verlating

(c) Bang vir die donker

(3 × 3) (9)

2.4.3 Identifiseer DRIE strategieë wat kinderversorgers kan gebruik om fobies te hanteer. (3 × 2) (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C

## VRAAG 3

3.1 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

> Die Montessori-onderwysmetode vir jong kinders word reeds vir baie jare in groot dele van die wêreld, insluitend Suid-Afrika, gebruik. Dis gewoonlik 'n klein, middelklas, redelike ryk gedeelte van die samelewing wat dié metode gebruik. Dit is nog altyd beskou as 'n alternatief tot staatsonderwys.

[Bron: *Theories and trends with regard to the Curriculum in Early Childhood Education*]

3.1.1 Identifiseer enige VYF basiese beginsels van die Montessori-metode. (5)

3.1.2 Noem VYF eienskappe van 'n goeie Montessori-onderwyser. (5 × 2) (10)

3.1.3 Verduidelik die waarde van outomatiese onderwys ('auto-education').

Noem VIER punte. (4 × 2) (8)

3.1.4 Noem VYF nadele van die Montessori-onderwysmetode. (5 × 2) (10)

3.2 Identifiseer die VIER konsepte van die MATAL-program. (4)

3.3 Noem VYF vaardighede wat die MATAL-program help ontwikkel. (5)

3.4 Noem VYF elemente waaruit die identiteit van voorwerpe bestaan. (5)

3.5 Verduidelik EEN aktiwiteit wat in Eenheid 2, naamlik 'Om te sien en te weet wat ons sien', gedoen kan word. (3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D

## VRAAG 4

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

**EERSTE SKOOLDAG**

'n Skool is 'n plek waar 'n kind leer. Dit dien as 'n opleidingsentrum. Hier vorm hulle nuwe assosiasies, ontmoet ander kinders en ontwikkel nuwe idees en gewoontes. Dit is hier waar hulle voorberei vir ander lewensfases. Dus is die regte soort skoolonderwys baie belangrik.

[Verwerk uit: *http://www.english-for-students.com/my-first-Day-at-School.html*]

4.1 Gee TIEN basiese eienskappe van 'n kind wat skoolgereed is. (10)

4.2 Die konsep van taalontwikkeling begin gedurende vroeë kinderontwikkeling.

4.2.1 Onderskei kortliks tussen *aktiewe* en *passiewe* taalontwikkeling.

4.2.2 Noem TWEE voorbeelde van elk van bogenoemde.

(2 × 4) (8)

4.3 Definieer die volgende terme:

4.3.1 Skoolgereedheid

4.3.2 Skoolrypheid

4.3.3 Ruimtelike bewustheid

4.3.4 Fyn motoriese ontwikkeling

4.3.5 Visuele diskriminasie

(5 × 2) (10)

4.4 Watter VYF aktiwiteite kan 'n kind se ruimtelike bewustheid ontwikkel? (5)

4.5 Beskryf die algemene toets wat gebruik word om skoolrypheid te bepaal. (4)

4.6 Verduidelik die VYF probleme wat 'n kind kan ervaar as visuele persepsie nie behoorlik ontwikkel word nie. (5 × 2) (10)

4.7 Identifiseer DRIE oefeninge om ooghandkoördinasie te verbeter. (3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou